24 Februarie 2023

Geagte Ouers

Die atletiekseisoen vorder flink. Ons atlete het goed presteer by die Kimberley Skole-byeenkoms op 18 Februarie. Met al die "valse" wegspringe, baankruisings, ens. het die atlete ons naam hoog gehou. Sterkte aan al die atlete wat vandag aan die Frans Baard-byeenkoms deelneem.

Met die atletiek wat einde se kant toe staan, het ons rugby- en netbalseisoene die afgelope naweek afgeskop met die 0/13-rugby- en netbaltoernooi by Jacobsdal. Die spanne het die wedstryde gebruik vir voorbereiding vir die seisoen. Ons volgende rugby- en netbaltoernooi is 3 en 4 Maart in Kuruman waar ons by Seodin se sportdag gaan deelneem. Die onderskeie A-spanne vir 0/11- tot 0/13-rugby en 0/9-tot 0/13-netbalspanne neem deel aan die sportdag. Die busse vertrek, Vrydag 3 Maart om 13:00 na Kuruman waar ons sal tuis gaan in Hoërskool Kalahari se koshuise. Al die personeel, afrigters en leerders gaan die geleentheid gebruik vir spanbou. Om vervoerreëlings te finaliseer vra ons die betrokke ouers om die skakel in te vul wat op die verskeie afrigtersgroepe geplaas was.

Sterkte ook aan ons tennisspelers wat die naweek aan die Synergy toernooi deelneem.

Rése Delport 0/11, Ariana van der Westhuizen 0/11, Willem Adriaan van der Merwe 0/11, WJ Faber 0/11 en William Harding 0/11

**Akademie:** Ons leerders skryf ook hierdie week kwartaaltoetse:

- Dinsdag, 28 Februarie gr.4 Engels, gr.5 Wiskunde, gr.6 NW en gr.7 Afrikaans
- Vrydag, 3 Maart, gr.4 Afrikaans, gr.5 Engels, gr.6 Geografie en gr.7 EBW

Sterkte ook vir die leerders met die voorbereiding van die toetse.

Ons herinner u net aan die volgende belangrike aktiwiteite wat in die volgende weke plaasvind:

- Saterdag, 25 Feb. Hoërskool Diamantveld se Amazing Race
- Vrydag 3 en Saterdag 4 Maart, sportdag by Seodin in Kuruman
- Saterdag 4 Maart, Atletiek Noord-Kaap Kampioenskappe
- Dinsdag 7 Maart, Gretha Wiid saam met slegs die ouers om 17:30 in die saal. Gratis vir Ouers.
- Donderdag 9 Maart, 0/7- en 0/8-rugby en netbal by Laerskool Staats
- Vrydag 10 Maart, 0/9-A en B tot 0/13 A-en B-rugby en 0/9A en B tot 0/13-A en B-netbal
- Saterdag 11 Maart, 0/11-A en B en 0/13 A- en B-rugby en 0/9A en B tot 0/13-A en B-netbal
- Saterdag 11 Maart, 0/9 A-en B-rugby by Laerskool Fichardtpark

**Kultuur**: Redenaars, Ouers moet onthou om ‘n afskrif van die inskrywing vir juf. Elaine te stuur. Sy het sover net een inskrywing ontvang.

Sterkte met die naweek aan elke leerder.

‘n Brokkie van Laerskool Eureka se geskiedenis volg.

EVenter

Dr. Etienné Venter
SKOOLHOOF

# DIE AANLOOP

*Gedurende die sestigerjare het Kimberley vinnig in 'n westelike rigting uitgebrei.*

*Die plaaslike skoolraad het by die Departement van Onderwys (K.P.A.) aanbeveel dat 'n nuwe skool in Hadisonpark gebou word. Omdat meer as 90% van die bewoners van die gebied Afrikaanssprekend was, sou die nuwe skool 'n verklarende Afrikaans-meduim skool wees.*

*In 1968 is 'n argiteksfirma van Bloemfontein opdrag gegee om die skool vir ongeveer 320 leerlinge te beplan.*

*In 1969 is tenders gevra en die tender is aan L.T.A. toegeken. Die skoolgebou moes teen November 1970 gereed wees, want dit sou in Januarie 1971 begin funksioneer.*

*Ouers van die Afrikaanssprekende gemeenskap het die Skoolraad versoek dat hulle uit hulle geledere 'n komitee, bestaande uit 5 lede, saamstel om 'n opname te maak hoeveel leerlinge die nuwe skool sal bywoon, aangesien hul bewus was van die feit dat heelparty ouers nog steeds hulle kinders na bestaande skole sal karwei. Daar is natuurlik kwaai huisbesoek gedoen deur die bestaande skole om propaganda teen die nuwe skool te maak. Die gemelde komitee het toe tot stand gekom en hulle was die* ***WAAKSAAMHEIDSKOMITEE*** *genoem.*

*Omdat so 'n te stigte skool nog nie 'n skoolkomitee het nie, het hulle, nie-amptelik, die pligte van 'n skoolkomitee vervul. Hulle moes vir die skoolraad van huis tot huis 'n opname maak van voornemende leerlinge vir die nuwe skool. Hulle was ook toegelaat om, nadat aansoeke vir 'n hoof gevra is, 'n aanbeveling by die skoolraad te maak. So 'n nuutgestigte skool se hoof word deur die volle skoolraad benoem. Die res van die personeel word, op aanbeveling van die nuwe skoolhoof, ook deur die Skoolraad gedoen*

*Die Waaksaamheidskomitee se lede was:*

*Voorsitter:* Mnr. G.H. Venter

*Sekretaris:* Mnr. S. Brits
Mnr. J. Schoonraad
Ds. Kritzinger
Adv. M.D.J Steenkamp

# PAKKETTE :

| Borg se naam | Beskrywing van pakket: |
|---|---|
| Ameila en Thys van Rooyen (Uitkyk Safaris)<br>0828320723 | Selfsorg verblyf vir 4 gaste vir 2 aande – met 4 x springbokke ingesluit. |
| Liam Urry | Bok karkas (sal nog bevestig watter soort bok) |
| Ricky Booysen<br>0834206774 | 2 x Annique geskenk pakke twv<br>R1 200 elk |
| Adam en Nella Barnard (Spitskop Spa) 0834259897 | 1 x Couples massage twv R1 250 |
| Takie Pope 0824231645 | 2 x springbokke en 1 x blesbok - speserye en bewerking ingesluit. |
| Herman Pheiffer 0824588311 | 1 x springbok en 1x gemsbok - speserye en bewerking ingesluit. |
| Deon van Aswegen en Johan Venter (Ultimate Africa) | 2 x Couples accommodation Bed & Breakfast for 2 nights. Dinner for 4 for 2 nights. Game drive for 4 and 2 x Impala to hunt (Worth R25 000) |
| Attie Jansen - 0834556789 | 1 x koedoe en 1 x rooibok.<br>2 x aande se selfsorg verblyf vir 4 persone in Jaghuis. Gids en jagvoertuig om te gebruik tydens verblyf. |
| Jolize Wiid - 0836597114 | Rooidam Selfsorg Gasteplaas naby Modderrrivier. 2 x aande se selfsorg verblyf vir 6 persone. |
| Flip Nel (De Nel Safari’s) 0823750767 | 2 x springbok karkaste |

| | |
|---|---|
| Jaco Delport - 0832749767 | 3 x rooibokooie<br>1 x vlakvark<br>1 x slaglam<br>1 x Aand se verblyf vir 4 jagters |
| Greg Edwards (Magersfontein Safari's) 0832516122 | 1 xNight Accomodation for 2 guests at Magersfontein Safaris game lodge.<br>1 x Hunters day fee (which include PH, hunting vehicle, skinning etc.)<br>1x springbok<br>1 x warthog |
| Calla van Niekerk (Buffelcor en Lankop Boerdery) 0832619951 | Hansie Cronje – getekende bottel wyn |
| Jacques Kriek (Mattanu) 0832351993 | Game drive met sundowners en aandete vir 4 persone |
| Johan Steinmann 0735834579 | 1 x Koedoe karkas (gedurende die winter) |
| | Getekende GW rugby trui (geteken deur huidige GW Rugby span.) |
| | Bottel wyn geteken deur GW Rugby span |
| Willem Kruger - 0824909680 | 1 x Slag Skaap |
| Bernard Gerber - (Epoch Pluimvee plaas) 0823098366 | 2 x Lê Henne |
| Hennie van Wyk (Goodhope) | Rugby item – meer inligting sal volg |
| Wildman | Pakket om op te veil - meer inligting sal volg |
| | |